basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2017

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**GROEN MAAR GELUKKIG GETROUD**

*Delia Joubert*

1 Hoe gouer jy jou reis saam met jou huweliksmaat begin, hoe beter kan julle saam groei en die aanslae van die lewe trotseer.

2 Bogenoemde stelling word bevestig deur Rolene Strauss, ons eie Mejuffrou Wêreld, wat verlede jaar op 23 aangekondig het dat sy en haar kêrel, D'Niel Strauss, gaan trou. Die bekende Springboksenter, Jan Serfontein (22), wat verlede jaar verloof geraak het aan Lani Scholtz, met wie hy sedert matriek uitgaan, het dieselfde besluit geneem.

3 Vir die huidige 30+-generasie lyk dit asof Rolene en Jan vroeg trou, maar deesdae is hulle nie meer die uitsondering nie. Dit is asof meer jongmense vroeg in hul twintigs die pad kansel toe vat.

4 Hoewel baie paartjies vandag jonk trou, is dit nog nie die norm nie. Oral hoor jy van paartjies wat bloedjonk trou, maar in dié stadium is hulle volgens die amptelike syfers nog in die minderheid. Volgens Statistiek Suid-Afrika se 2013-opname trou die gemiddelde man in Suid-Afrika tussen die ouderdom van 30 en 34 en die meeste vroue tussen die ouderdom van 25 en 29. Deon Binneman, 'n sielkundige berader van Durbanville, voeg by: "My waarneming is dat mense nou op 'n vroeër ouderdom begin saamwoon, wat vanuit 'n verhoudingsperspektief op dieselfde as 'n huwelik neerkom."

5 Cindy Strydom, 'n kliniese sielkundige van Johannesburg, sê sy vermoed dis omdat die vorige generasie soveel later getrou het dat jongmense nou vroeg wil trou. "Die nuwe generasie rebelleer in 'n mate teen die norm. Maar net so het die vorige generasie, dié mense wat nou 30+ is, gerebelleer teen die tradisionele gebruik om vroeg te trou. Hierdie generasie se vroue het nie nodig gehad om te trou vir finansiële stabiliteit nie, want hulle was finansieel onafhanklik én dit het moontlik geword om later kinders te kry. Daarom wou hulle byna bewys jy hoef nie meer vroeg te trou nie."

6 Nicholas Kühne, 'n tendenskenner en besturende direkteur van die handelsbestuursmaatskappy *Wunderbrand*, stem met Strydom saam. "Elke generasie het 'n teenreaksie op die trou-ouderdom van vorige generasies. Daar is ongelukkig min navorsing oor die onderwerp, maar vanuit 'n tendens-oogpunt kan jy wel afleidings uit die verskillende generasies se trougewoontes maak. Ná die konserwatiewe 1950's was dwelms, musiekfeeste en vrye liefde die in-ding in die 60's. In die laat 70's en 80's het mense weer teruggekeer na

’n tradisioneler benadering tot trou. Dit is moontlik dat die jonger generasie ’n teenreaksie het op die gewoontes van die vorige een, wat weer later wou trou – of glad nie.”

7 Daar is verskeie redes wat deur jongmense aangevoer word om hulle keuses te ondersteun. “Kultuur en geloof speel ’n rol, maar die onderliggende redes is gekompliseerd. Dit maak vandag prakties sin om jonk te trou, want dis byna onbekostigbaar om voor die ouderdom van 35, op jou eie, ’n huis en ’n motor te koop,” sê Nicholas. Hy is van mening dat die Internet, en veral sosiale media, ook besig is om die tradisionele struktuur van die samelewing te laat verbrokkel. “Ons gesels baie meer aanlyn en kuier minder by mekaar as voorheen. Dit is dus moontlik dat jonger generasies op ’n vroeër ouderdom egte, persoonlike bande met ander jongmense wil vorm – hulle voel dalk verder van mekaar verwyder as ouer generasies.”

8 Paartjies wat vroeg trou, is nie altyd voorbereid op die eise van die huwelik nie. Huwelike van jonggetroudes beland dikwels in onstuimige vaarwaters. Gelukkig is daar hulp vir jonggetroudes wat huweliksprobleme ervaar. Luzanne Liversage, ’n sielkundige berader van Johannesburg, meen berading is ’n goeie idee vir jong paartjies. “Paartjies wat voor die ouderdom van 25 trou, se kans om te skei is 50% groter as diegene wat later trou. Fisiek is jou prefrontale korteks, wat verantwoordelik is vir besluitneming en beplanning, eers op 25 ten volle ontwikkel. Dus is jou besluite as jongmens dalk nie so goed soos dié van iemand ouer as 25 nie.”

9 Jonger paartjies is meer geneig om vroeër die handdoek in te gooi as hulle ’n verhoudingsprobleem het, sê Deon Binneman. “Dis moeiliker vir jongmense om verhoudings bo hulle eie belange te stel. Dis noodsaaklik dat jongmense leer om die ander persoon se belange eerste te stel in plaas daarvan om op die eie ek te fokus.”

10 Om jonk te trou hét voordele, sê Luzanne. “Jy het meer energie vir jou kinders, en minder bagasie van vorige verhoudings sodat jy met ’n relatief skoon blaadjie jou verhouding kan begin. Wanneer jy in ’n verhouding met die regte mens is, en gelukkig genoeg is om hom of haar jonk te ontmoet en te trou, is daar iemand wat jou altyd bystaan en help om jou volle potensiaal te bereik. Dan is die huwelik ’n veilige hawe waar jy jou eie mens kan wees.”

11 Solank jongmense nie ’n sprokiesverhaal verwag nie en ’n realistiese beeld van die eie ek, die maat en verhoudings het, is die kans op ’n suksesvolle verhouding goed.

[Verwerk uit: *Sarie,* Januarie 2016]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Uit: *Beeld,* 8 Februarie 2013]

## VRAE: TEKS A

1.1 Wat is die voordeel van vroeg trou volgens paragraaf 1? (1)

1.2 Dink jy dit is gepas dat die skrywer van hierdie artikel na bekende persone as voorbeelde verwys? Motiveer jou antwoord. (2)

1.3 "… is hulle nie meer die uitsondering nie." (Paragraaf 3)

Haal VYF opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 aan wat hierdie woorde weerspreek. (1)

1.4 Herlees paragraaf 4.

Hoekom is Deon Binneman se woorde in die laaste twee reëls van hierdie paragraaf 'n mening? (1)

1.5 Wat is die "norm" waarna Cindy Strydom in paragraaf 5 verwys? Watter ooreenkoms bestaan daar tussen vandag se jongmense en vorige generasies se ingesteldheid jeens norme? (2)

1.6 Kühne en Strydom se sienings in paragraaf 5 en 6 stem grootliks ooreen. In watter opsig verskil hulle sienings? (2)

1.7 Watter tendense uit die 60's dra by tot die terugkeer na 'n tradisionele benadering van trou? (3)

1.8 Noem 'n finansiële en sosiale uitdaging wat volgens paragraaf 7 tot die tendens van vroeg trou bydra. Stem jy saam met die skrywer se mening oor dié twee uitdagings? Motiveer jou keuse. (4)

1.9 Hoekom, volgens Luzanne Liversage, is die kanse op 'n onsuksesvolle huwelik vir jongmense 'n moontlikheid? Wat kan jongmense doen om te voorkom dat hul huwelik op die rotse beland? (2)

1.10 Watter belangrike voorwaarde in paragraaf 9 is volgens Binneman nodig om 'n huwelik te laat slaag? (1)

1.11 Wat beteken die titel van die artikel? Hoe hou hierdie titel met paragraaf 10 verband? (2)

1.12 In paragraaf 10 gee Liversage die voordele wat aan vroeg trou verbonde is.

Watter ánder voordele, volgens die teks, is daar aan vroeg trou verbonde? (3)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter TWEE veranderinge sal die vrou in die man wil sien? (2)

1.14 Word daar, na jou mening, in hierdie spotprent teen vroue gediskrimineer? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Dink jy 'n huwelik, soos dit in dié spotprent gesuggereer word, het 'n goeie kans om suksesvol te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.16 In die lig van die onderstreepte uitsprake in paragraaf 9 én 10 van TEKS A, is die voorstelling van die huwelik in TEKS B ironies. Gee redes vir hierdie stelling. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE unieke eienskappe van Suid-Afrika.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**SUID-AFRIKA IN ’N KLAS VAN SY EIE!**

Natuurlik is daar baie redes om oor Suid-Afrika negatief te wees. Waarom dan, te midde van soveel negatiwiteit, wil ons steeds hier woon en werk?

Suid-Afrika toon positiewe ekonomiese groei teenoor die res van die wêreld wat ekonomies maar sukkel. Soos die res van die wêreld het ons probleme: armoede, misdaad en werkloosheid … Desnieteenstaande groei die ekonomie redelik bestendig. Hierdie groeiende ekonomie is inderdaad ’n veertjie in Suid-Afrika se spreekwoordelike hoed.

Tim du Plessis, voormalige redakteur van *Rapport*, sê: “Jy kan in ’n nuwe land gaan oorleef, bes moontlik gemaklik, maar jy sal altyd bly hunker na Suid-Afrika se eiesoortige buiteluglewe. Vra gerus vir die meeste Suid-Afrikaners wat geëmigreer en daarna na die land teruggekeer het, wat hulle die meeste gemis het: braai onder die sterre, voetslaan in die berge, luier op lang, goue strande – tipiese Suid-Afrikaanse buitelugpret! En dan is daar nog ons wêreldklassport: rugby, krieket, sokker, hokkie, atletiek … Sport laat ons bloed bruis!

Suid-Afrika bied aan sy inwoners ’n goue pakket van die mooiste natuurskoon. Mev. Miems Swanepoel, ’n entoesiastiese natuurkenner van Bellville, beklemtoon dat hierdie natuurskoon Suid-Afrika inderdaad uniek maak. “Waar in die wêreld sal jy nog sulke blou berge met voetpaaie vol fynbos, klipwoestyne en waterarm streke, siedende seestorms en rukkerige bergwinde, skouspelagtige sonsondergange, rooibruin sandduine en bruisende watervalle, wanneer die reën wel kom, kry? Net hiér is dit moontlik!”

Suid-Afrikaners is skeppende, innoverende wêreldleiers op die gebied van die wetenskap. Die Square Kilometre Array (SKA) naby Carnarvon is ’n voorbeeld van ons innovering. Dis voorwaar genoeg rede om breëbors te wees! Suid-Afrika het boonop, in ’n onlangse studie oor geslagsgelykheid in die werkplek, uitgeblink! Hier is ons die meeste lande ver voor.

Vincent Mota, ’n Wimpy-kelner voer roomys vir ’n gestremde kliënt, Nerine Gardiner bak gereeld koeke en deel dit uit aan mense wat liefde nodig het en ’n polisieman deel sy middagete met ’n straatvrou. Ons het omgee-in-aksie … Suid-Afrikaners soos dié wys dat Madiba se droom van ’n omgeenasie nie dood is nie.

Wie wil nou nie deel van só ’n Suid-Afrika wees nie?

[Verwerk uit http://www.blynet.co.za en http://www.netwerk24.com/stemme]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie **(TEKS D)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

auto & general
Motor-, huis-, besigheids- en lewens*versekering*

(3.1) Auto & General Motor- en Huisinhoudversekering deur die ATKV



## Die taal hou tred met die tyd. Kan jy dieselfde van jou versekering sê?

Net soos Afrikaans by verandering en nuwe tegnologie moet aanpas, moet jou versekering by die nuwe risiko's van die hedendaagse lewe kan aanpas. Met **Auto & General Motor- en Huisinhoudversekering** deur die ATKV kan jy gerus wees dat jy nie net aanpasbare versekering het nie, maar ook waardevolle voordele kry, soos:

- Kostevrye Tracker-installasie en **gesubsidieerde** intekengeld.
- Dekking vir jou motor se klankstelsel.
- Dekking vir 'n wye reeks huishoudelike risiko's, soos brand, diefstal en oorstroming.
- Dekking vir kos wat as gevolg van kragtoevoer of gebreekte ys- of vrieskas bederf.

**SKAKEL 0860 28 28 69**

**VANDAG NOG VIR VERSEKERING WAT IN PAS BLY!**

ATKV

[Uit: *MyTyd Rapport,* September 2012]

## VRAE: TEKS D

3.1 Vervang die koppelteken in reël 1 met die gepaste woorddeel. (1)

3.2 "hou tred met die tyd" (Reël 2)

Haal opeenvolgende woorde uit reël 8–15 aan wat by dié woorde aansluit. (1)

3.3 Wat wil die adverteerder bereik met die insluiting van al die inligting in reël 8–13? (1)

3.4 Waarom word die onderstreepte letter in die vetgedrukte woord in reël 8 nie met 'n deelteken geskryf nie? (1)

3.5 Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 8 as bepaler in 'n ander woord. (1)

3.6 Skryf jou eie TWEE sinne neer om die verskil in betekenis tussen *vir seker* en *verseker* duidelik aan te toon. (2)

3.7 Kyk na die foto.


Dink jy die gebruik van 'n ouer motor op die voorgrond dra tot die ondersteuning van die stelling in reël 15 by? Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Noem TWEE maniere waarop hierdie advertensie die verbruiker motiveer om tot aksie oor te gaan. (2)
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent **(TEKS E)** en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS E




[Uit: *Die Burger*, 23 Mei 2015]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Gee 'n antoniem vir die kursiefgedrukte woord in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Skryf die eerste diftong/tweeklank wat in RAAMPIE 1 voorkom, neer. (1)

4.3 Brei die tweede sin van RAAMPIE 1 deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. (1)

4.4 Watter gevoelswaarde spreek uit die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in RAAMPIE 2? (1)

4.5 Skryf die voorwerpsin in RAAMPIE 2 neer. (1)

4.6 Herlees die woorde in RAAMPIE 2.

4.6.1 Benoem die soort selfstandige naamwoord waartoe die woord *lirieke* behoort. (1)

4.6.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die ma is (liriek) oor haar baba se sang. (1)

4.7 Wat is die funksie van die ellips/beletselteken in RAAMPIE 3? (1)

4.8 Wat is onderskeidelik die denotatiewe én konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde in RAAMPIE 4? (2)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel **(TEKS F)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### MATRIEK IN TWEE DAE

1 Dit is nie net by ons waar matrieks se senuwees en uithouvermoë in 'n eksamenlokaal getoets word nie. Jong Chinese se toekoms hang van hul finale eksamen voor universiteitstoelating af.

2 Chinese leerlinge se hele skoolloopbaan het net een doel (5.2) … oë: die *gaokao*. En om dié finale toelatingseksamen te slaag.

3 Dit vind in die middel (5.3) van die jaar oor twee dae plaas.

4 Omdat dit so kort is, (5.4) plaas dit uitermate druk op die kinders.

5 (5.5) Hulle moet vraestelle in Chinees, Wiskunde en Engels aflê (Engels is 'n verpligte vak vir almal).

6 Hulle studeer tot 15 ure per dag daarvoor, want hulle (5.6) ding mee om "net" 6,5 miljoen universiteitsplekke.

7 Sowat 9,8 miljoen leerlinge het vanjaar vir die eksamen ingeskryf – baie van hulle van duur private skole. Dit word in (5.7) hoofsentra afgelê en duisende van hulle word met spesiale busse na die lokale aangery.

8 Die Hengshui High School in die (5.8) Hebei-Suid se leerlinge vaar reeds die afgelope 14 jaar die beste in die (5.9) gaokao.

9 Die skool het twee leuses:

10 "Die lewe is nie 'n kleedrepetisie nie – jy gaan nie kans kry om hom óór te lewe nie," en "As jy nog nie dood is van harde werk nie, werk harder."

11 Leerlinge word daar met kringtelevisie dopgehou en moet van 05:30 tot 21:50 studeer.

12 Vertel dít 'n bietjie vir jou Suid-Afrikaanse (5.10) matrieks …

[Verwerk uit: http://www.netwerk24.com/Ontspan/Matriek-in-twee-dae]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf 'n woord in paragraaf 1 neer wat dieselfde as "stamina" beteken. (1)

5.2 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 2 neer. (1)

5.3 Maak ’n sin van jou eie met die homoniem van die onderstreepte woord. (paragraaf 3) (1)

5.4 Herskryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 4 in die lydende vorm sodat dit binne die konteks van die sin sal pas. (1)

5.5 Gee die voorwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 5. (1)

5.6 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woorde in paragraaf 6? (1)

5.7 Gee ’n ander meervoud wat vir die onderstreepte woord in paragraaf 7 gebruik kan word. (1)

5.8 Gee die spelreël wat die koppeltekengebruik van die onderstreepte woord in paragraaf 8 bepaal. (1)

5.9 Is “gaokao” (paragraaf 8) ’n voorbeeld van ’n leenwoord? Motiveer jou antwoord. (1)

5.10 Vorm, deur middel van afleiding, ’n ander persoonsnaam vir die onderstreepte woord in paragraaf 12. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Paartjies kan saam groei./<br>Paartjies kan saam die aanslae van die lewe trotseer. √ | 1 |
| 1.2 | Ja<br>Dit wek dadelik die leser se belangstelling./<br>Dit maak die kwessie wat bespreek word werklik/geloofwaardig./<br>Lesers wil met hierdie bekendes identifiseer./<br>Lesers wil met hierdie bekendes identifiseer./Bekendes dien as rolmodelle. √√<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Openbare figure kan geweldig benadeel word deur so ’n artikel./<br>Dit kan openbare figure in ’n groot verleentheid stel indien hulle sake so in die openbaar bespreek word./<br>Doodgewone mense is reeds so moeg vir bekendes se stories dat hulle belangstelling in die teks kan verloor. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.3 | *nog nie die norm nie* √ | 1 |
| 1.4. | Dit is nie inligting wat bewys is nie./<br>Dit is ’n persoonlike waarneming. √ | 1 |
| 1.5 | Die vorige generasie het op ’n baie later ouderdom getrou. √<br><br>Vandag se jongmense rebelleer ook soos die vorige generasie. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Strydom sê dat die vorige generasie wou bewys dat mense nie jonk hoef te trou nie, terwyl Kühne van mening is dat jongmense in teenreaksie juis vroeg wil trou. √<br><br>Nee<br>Daar is nie navorsing daaroor gedoen nie./<br>Dis 'n afleiding wat Kühne maak./Hy veralgemeen./<br>Kühne verwys daarna as 'n moontlikheid.<br>Mense rebelleer dikwels uit beginsel; nie as 'n teenreaksie nie.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Daar is mense wat teen alles en almal wil rebelleer. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.7 | Ná die konserwatiewe 1950's, was *vrye liefde/dwelms/musiekfeeste* die in-ding in die 60's./Ná die *vrye liefde* van die 60's het die mense in die 70's en 80's teruggekeer na 'n tradisionele gesinslewe. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige gepaste DRIE voorbeelde vir een punt elk aan.* | 3 |
| 1.8 | Dit is onbekostigbaar om op jou eie voor 35 'n huis en/of 'n motor te koop. √<br><br>Internet/Sosiale media is besig om die tradisionele struktuur van die samelewing te laat verbrokkel./Kultuur/Geloof speel 'n rol. √<br><br>Ja<br>Die meeste jongmense kry nie groot salarisse nie./<br>Baie jongmense sukkel om huis- en motorpaaiemente te bekostig.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ek weet van baie jongmense wat voor die ouderdom van 35 eiendom en/of voertuie besit. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering binne konteks vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Aangesien almal op die internet boer, verbrokkel die samelewingstrukture.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie almal het toegang tot die internet nie, so dit kan nie 'n samelewingstruktuur laat verbrokkel nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering binne konteks vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.9 | Nie altyd voorbereid op die eise van die huwelik nie.<br>'n Mens se prefrontale korteks is eers op 25 ten volle ontwikkel./<br>Jou besluite as jongmens is voor 25 dalk nie so goed nie. √<br><br>Hulle moet vir berading gaan. √ | 1<br><br>1 |
| 1.10 | Die fokus in die huwelik moet op die ander huweliksmaat wees./<br>Jongmense moet hul huweliksmaat se belange bo dié van hul eie stel. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.11 | Mense wat op ’n jong ouderdom trou, is gelukkig. √<br><br>Die titel verwys na jongmense wat gelukkig getroud is en dié paragraaf fokus op die voordele wat jonktrou vir paartjies se huweliksgeluk inhou. √ | 1<br><br>1 |
| 1.12 | Die getroudes kan voor 35 ’n huis koop./<br>Paartjies kan ’n motor koop./<br>Paartjies kan saam groei./<br>Paartjies kan saam die aanslae van die lewe trotseer. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.13 | Hy moet sy klere/baadjie/skoene/das bêre, nie laat rondlê nie./<br>Hy moet sy vrou (in die huis) help./<br>Hy moenie sy bord op die koffietafel laat lê as hy klaar geëet het nie. √ | 1 |
| 1.14 | Ja<br>Die vrou word as ontevrede/moeilik/veeleisend/negatief/sarkasties uitgebeeld./<br>Die vrou word uitgebeeld as die enigste een wat moet opruim.√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 |
| 1.15 | Nee<br>Geen huwelik kan met soveel negatiwiteit/ontevredenheid/selfsug slaag nie./<br>’n Huwelik waar een van die partye moet verander/nie aanvaar word vir wie hy/sy is nie, kan nie suksesvol wees nie./<br>Die man regverdig sy mening uit die koerant wat daarop dui dat hy nie sy vrou se belange eerste stel nie./fokus op die eie ek./<br>Die vrou voer ’n skrikbewind in die huis wat ’n gelukkige huwelik ondermyn. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1 |
| 1.16 | Binneman is van mening dat jongmense sukkel om die verhouding bo hul eie belange te plaas, maar hier is dit ouer persone wat steeds selfsugtig is. √<br><br>Liversage is van mening dat die huwelik ’n veilige hawe is waar jy jou eie mens kan wees, maar in hierdie huwelik wil die vrou hê die man moet verander. √ | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
    - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
    - 3 punte vir taal
    - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
    - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
    - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
    - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
    - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
    - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
    - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
    - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Die groeiende ekonomie is besonder positief. Suid-Afrika bied 'n unieke buitelugbelewing aan sy inwoners. Verder bied die land aan sy inwoners en besoekers buitengewone natuurskoon en wêreldklassportgeleenthede. Suid-Afrikaners is trots deel van die wêreldleiers op wetenskaplike gebied. Ons is ook onder die wêreldvoorlopers ten opsigte van geslagsgelykheid en boonop kan jy in Suid-Afrika deel wees van 'n omgeenasie. **Getal woorde: 58** |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Suid-Afrika toon **positiewe ekonomiese groei.*** | A | Die groeiende ekonomie is positief. |
| 2 | *... altyd bly hunker na Suid-Afrika se **eiesoortige buiteluglewe** ...* | B | Suid-Afrika maak 'n buitelugbelewing moontlik. |
| 3 | *En dan is daar nog ons **wêreldklassport**.* | C | Suid-Afrika se sport is wêreldklas. |
| 4 | *Suid-Afrika bied aan sy inwoners 'n **goue pakket** van die mooiste **natuurskoon.*** | D | Die land bied aan sy inwoners buitengewone natuurskoon. |
| 5 | *Suid-Afrikaners is **skeppende, innoverende wêreldleiers op die gebied van die wetenskap.*** | E | Suid-Afrikaners is trots deel van die wêreldleiers op wetenskaplike gebied. |
| 6 | *Op die gebied van **geslagsgelykheid** in die werkplek ... is ons **die meeste lande voor**.* | F | Ons is onder die voorlopers met betrekking tot geslagsgelykheid. |
| 7 | *Ons het **omgee-in-aksie.** Suid-Afrikaners soos dié wys dat Madiba se droom van 'n **omgeenasie** nie dood is nie.* | G | Jy kan hier omgee-in-aksie beleef./Jy kan hier heerlik deel wees van 'n omgeenasie. |
| | | | **Getal woorde: 49** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in 'n sin aangebied.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | –versekering √ | 1 |
| 3.2 | in pas bly √ | 1 |
| 3.3. | Die adverteerder wil die voordele van versekering aan die leser uitwys./<br>Dit oorreed die leser om versekering by Auto & General uit te neem. √ | 1 |
| 3.4 | Daar is geen uitspraakverwarring nie./<br>Lettergreepverdeling is duidelik. √ | 1 |
| 3.5 | geldstuk/geldmark/geldnoot √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt* aan. | 1 |
| 3.6 | Dit is vir seker nie 'n leuen nie! √<br>My motor is by Auto & General verseker./Ek verseker jou ek praat die waarheid. √<br><br>*Die kandidaat bied eie, soortgelyke sinne aan sodat die betekenisverskil duidelik blyk.* | 1<br>1 |
| 3.7 | Ja<br>Die ouer motor/motor op die voorgrond is bewys dat die versekering na al die jare steeds dekking bied. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die motor in die foto is 'n ou model./die leser weet nie of die motor nog padwaardig is nie./nog versekering by Auto & General het nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering wat in die konteks van die advertensie sal pas, aan.* | 1 |
| 3.8 | Die advertensie maak beloftes./<br>Die advertensie stel die gebruiker gerus./<br>Dit gee opdrag aan die leser om kontak te maak./<br>Dit beïnvloed die Afrikaanssprekende om die taal/motorversekeraar te ondersteun./<br>'n Telefoonnommer word voorsien wat dit vir die leser maklik maak om dadelik tot aksie oor te gaan./<br>Die telefoonnommer is groot gedruk en dwing jou om dadelik tot aksie oor te gaan. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde, wat min of meer dieselfde betekenis het en in konteks sal pas, vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Outydse/Ouderwetse/Oudmodiese/Verouderde√ | 1 |
| 4.2 | y/stylvol √ | 1 |
| 4.3 | Navorsing **wat gedoen is**, bewys dit. √ | 1 |
| 4.4 | Liefde/vertedering √ | 1 |
| 4.5 | ... hy's besig om die lirieke vir 'n nuwe Afrikaanse treffer te komponeer! √ | 1 |
| 4.6.1 | Soortnaam √ | 1 |
| 4.6.2 | liries √ | 1 |
| 4.7 | Die ellips/beletselteken dui op die onklaar/onvoltooide woorde van die baba/ gebabbel/dit wat jy moet aflei. √ | 1 |
| 4.8 | Die denotatiewe betekenis is dat die baba letterlik in die waentjie/wieg neergelê is. √<br>Die konnotatiewe betekenis is dat hy 'n aanleg het om 'n treffer te komponeer. √ | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | uithouvermoë √ | 1 |
| 5.2 | voor √ | 1 |
| 5.3 | Die boer se van is Koekemoer. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met die homoniem van van aan.* | 1 |
| 5.4 | ... word (daar) uitermate druk op die kinders geplaas. √ | 1 |
| 5.5 | vraestelle √ | 1 |
| 5.6 | Werkwoord √ | 1 |
| 5.7 | hoofsentrums √ | 1 |
| 5.8 | 'n Geografiese naam/pleknaam verbind met 'n rigting(bepaler)/windrigting, kry 'n koppelteken. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.9 | Ja<br>Dis ’n Chinese woord wat gebruik is./<br>Daar is nie ’n Afrikaanse weergawe vir die woord nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die woord moet meer algemeen in die taal voorkom om ’n leenwoord te wees. √ | 1 |
| 5.10 | matrikulante √<br><br>*Spelling van die meervoudsvorm is belangrik.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |